

Die brief aan Titus

Jacob J. Scholtz, 2 Augustus 2016

Agtergrond en datums

Nadat die apostel Paulus se eerste gevangenskap in Rome in omtrent 61-62 nC beëindig is, het die Here die apostel versterk om die boodskap van die evangelie te verkondig sodat al die heidene dit kan hoor (vgl. 2 Tim 4:17).¹ Gedurende die volgende ongeveer vyf jaar (62-67 nC) was Paulus baie aktief en het ten minste Macedónië, Éfese, Kreta, Nikópolis, Troas, Korinthe en Miléte besoek (1 Tim 1:3; 2 Tim 4:13, 20; Tit 1:5; 3:12). As 'n 'ou man' (Filem 9), was Paulus daarvoor besorgd dat die waarheid van die evangelie bewaar moes bly en aan toekomstige Christene oorgelewer moes word (Litfin 1983:729). Vir dié rede is Titus en Timótheüs voorsien van briewe wat bevestig het dat hulle die apostel se persoonlike verteenwoordigers was (Hiebert 1957:9). Die pastorale briewe beklemtoon die lewe en leierskap van plaaslike kerke sowel as godsaligheid en goeie werke. Titus en 1 Timótheüs is 'metgesel briewe', wat waarskynlik na aan mekaar iewers gedurende 63-66 nC geskryf is (Hiebert 1957:7).² 2 Timótheüs is geskryf kort voordat Paulus tydens sy tweede gevangenskap in Rome (67-68 nC) as martelaar gesterf het en die Here Paulus veilig "in sy hemelse koninkryk" gebring het (2 Tim 4:18).

Boodskap van die brief aan Titus

Die inhoud van die geloof waarin die uitverkorenes van God deel, vergestalt 'n leer wat lei na die erkenning van die waarheid in ooreenstemming met godsaligheid en hoop op die ewige lewe wat God belowe het (1:1-4). Wie sal dit egter bekend maak en onderrig? Die apostel gee Titus opdrag om ouderlinge aan te stel (1:5-9) wat nie net deur ware leer sou vermaan en bestraf nie (2:1-10; 2:15-3:3, 8), maar ook self 'n voorbeeld sou stel van goeie werke (vgl. 2:7, 10). As dit vermag word op 'n moeilike eiland soos Kreta (vgl. 1:12), kan dit op enige plek in die wêreld vermag word; as die leer van God ons Verlosser deur individuele Kretense slawe aantreklik gemaak ("versier") kan word, kan dit deur enige Christen gedoen word (vgl. 2:9-10). Wie is dit egter wat die mag en die vermoë daartoe gee? Dit is die genade van God wat dit vir Christene leer te midde van ons verwagting van die salige hoop en die verskyning van ons groot God en Verlosser Jesus Christus wat ons reinig (2:11-14; vgl. 3:4-7). Wat is dus die verantwoordelikheid van plaaslike kerke en individuele Christene? Plaaslike kerke sal net kragtig wees tot die mate wat God se geopenbaarde

¹ Verwysings na Titus sal net deur hoofstukke en verse aangedui word. Skrifaanhalings kom uit die Ou Afrikaanse Vertaling van die Bybel (1933/53).

² Vir 'n minderheidsmening dat die brief aan Titus geskryf is voor Paulus se eerste gevangenskap in Rome, middel-tot-laas vyftigerjare nC, sien Walker (2012).

waarheid verkondig en laat sien word; gelowiges moet die leer van God ons Verlosser in alle dinge deur ons optrede versier (2:10). Plaaslike kerkleiers moet diegene wat vals leerstellings en goddeloosheid aanwakker, teëspreek en bestraf (1:10-16; 3:9-11). Wat moet ander Christene in die plaaslike kerk doen? 'Godsaligheid is die voorgenome eindproduk van die evangelie' en daarom moet kerklidmate 'God se waarheid in die wêreld deur hul godsalige lewens en mondelinge getuienis' verkondig (Constable 2016:3, 5; eie vertaling).

Struktuur van die brief aan Titus

Na oorweging van verskeie voorstelle, sal hierdie chiastiese struktuur gebruik word in ons studie van die brief aan Titus.³

A Seëngroet 1:1-4

B Instruksies vir ouderlinge, ware leer 1:5-9

C Bestraf vals leraars en hul lering 1:10-16

D Preek gesonde leer vir verskeie groepe 2:1-10

X Die genade van God het verskyn 2:11-14

D' Preek gesonde leer en vermaan en bestraf 2:15-3:3

X' Die goedertierenheid en liefde van God het verskyn 3:4-7

DD' Bevestig ware leer en goeie werke 3:8

C' Verwerp vals leraars en hul lering 3:9-11

B' Instruksies vir ander werkers, goeie werke 3:12-14

A' Seëngroet 3:15

A) Seëngroet 1:1-4

1 ¹PAULUS, 'n dienskneg van God en 'n apostel van Jesus Christus, volgens die geloof van die uitverkorenes van God en die kennis van die waarheid wat na die godsaligheid is, ²in die hoop van die ewige lewe wat God, wat nie kan lieg nie, van ewigheid af beloof het, ³en op die regte tyd sy woord bekend gemaak het deur die prediking wat aan my toevertrou is, ooreenkomstig die gebod van God, ons Verlosser — aan Titus, my ware kind volgens die gemeenskaplike geloof: ⁴Genade, barmhartigheid, vrede van God die Vader en die Here Jesus Christus, ons Verlosser!

Paulus stel homself bekend as 'n *doulos*, 'n dienskneg van God. 'n Hebreeuse slaaf het ses jaar lank gedien, maar is in die sewende jaar as vryman weggestuur (Eks 21:2). As die slaaf egter gesê het, "Ek het my heer ... lief" en gekies het om te bly, sou die slaaf uit eie beweging die heer vir altyd dien (Eks 21:5-6). Dit is 'n groot eer om die dienskneg van God genoem te word (vgl. Jos 14:7; Ps 89:3; 2 Ko 10:10; Op 15:3). Word alle diensknegte van God ook apostels genoem? Nee, maar Paulus word. Paulus is nie alleenlik 'n *doulos* van God nie, maar ook 'n *apostolos* van Jesus Christus. 'n Apostel was 'n ambassadeur vir Christus, 'n boodskapper wat onder spesifieke opdragte gestuur is, inderdaad 'n groot eer (vgl. 1 Kor 9:1;

³ Smith (n.d.) bied byvoorbeeld 'n kruis en dwars chiasme aan waarrondom die brief gebou is.

2 Kor 12:11-12). Nadat Paulus vrygemaak is van die slawemark van sonde, sê hy, “ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my” (Gal. 2:20; vgl. 3:13; 4:5).⁴ Vandat hy op daardie pad na Damaskus geroep is, het hierdie Hebreër van die Hebreërs Christus gedien (Hand 26:2-23). Soos die Dienskneg van Yahweh gesê het toe Hy sy apostels vir die eerste keer uitgestuur het, “Wie julle [die apostels] ontvang, ontvang My; en wie My ontvang, ontvang Hom wat My gestuur het” (Matt 10:40; vgl. 12:18).

Hoekom het Paulus al hierdie dinge genoem as Titus reeds daarvan bewus was? Diegene wat hierdie brief sou hoor wat in die plaaslike kerke op die eiland Kreta voorgelees is, sou besef dat Titus die gemagtigde verteenwoordiger van die apostel vir die heidene was. Die gesag wat gegee is aan die dienskneg en apostel is **volgens die geloof wat eenmaal aan die gelowiges oorgelewer is**, die een geloof wat spesifieke inhoud het, ’n spesifieke stel leringe en leefwyses (vgl. Ef 4:5; Jud 3). Hierdie geloof erken (of besef) die waarheid wat iets voortbring. Dit lei tot **die kennis van die waarheid wat na die godsaligheid is**. Nie alle waarheid het ’n definitiewe effek nie, maar hierdie geloof en die waarheid daarvan lei tot godsaligheid, ’n toenemende gelykvormigheid aan die beeld van God se Seun (vgl. Rom 8:29; 1 Tim 3:16). Dit doen nog meer, want al Paulus se bedieningsinsette is met die bedoeling tot die **hoop van die ewige lewe wat God, wat nie kan lieg nie, van ewigheid af belof het**. Die ewige lewe is ’n geskenk van God in Christus Jesus ons Here (Rom 6:23), ’n teenwoordige besitting om later in al die volheid daarvan besef te word deur hulle wat “U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het” (Joh 17:3; vgl. 1 Kor 13:12; Heb 11; 1 Joh 5:11-12). Hierdie enige waaragtige God is dieselfde **God wat nie kan lieg nie**, waarskynlik deur Paulus genoem om God se waaragtige karakter met die leuenagtige gewoontes van die Kretensers te kontrasteer (1:12).

God het nie net die ewige lewe **van ewigheid af** belowe nie, maar Hy het **op die regte tyd sy woord bekend gemaak deur die prediking** (1:3; vgl. 2 Tim 1:9). In die ou tyd het God baiekeer op baie maniere deur die profete tot die vaders gespreek – die “Woord van die Here het tot [die profeet] gekom en gesê ...” – maar nou het Jesus Christus, die Woord Self, verskyn en word deur die evangelie verkondig (1:3; 2:11; 3:4; vgl. Heb 1:1-4). Dit is hierdie goeie nuus van Christus wat **aan my [Paulus] toevertrou is** (1:3b; vgl. Hand 9:15-16; Gal 1:10-24).⁵ Dit is gedoen **volgens die bevel** van God die Vader, dikwels beskryf as **God ons Verlosser** in die pastorale briewe (1 Tim 1:1; 2:3; 4:10; Tit 1:3; 2:10; 3:4). As die dienskneg van God het Paulus hierdie evangelie tydig en ontydig gepreek (vgl. 2 Tim 4:2). God die Heilige

⁴ As ons deur Christus gekoop is (1 Kor 6:19-20; 1 Pet 1:18-19), behoort ons aan onself of moet ons ook, gewillig, slawe van God word? Indien ja, doen ons die wil van ons Here of behaag ons onself (vgl. 2 Kor 5:15)?

⁵ Ons word vandag geroep om dieselfde te doen deur dissipels te maak (Matt 28:18-20).

Gees sou later selfs vir Paulus inspireer om te skryf van 'n tyd in die toekoms wanneer mense nie die ware leer sou aanvaar nie en van die waarheid afkerig sou raak en hulle sou wend tot fabels (2 Tim 4:3-5). Maar die belofte van die ewige lewe is gegrond op die seker beloftes van God vir Wie dit onmoontlik is om te lieg.

Titus, 'n ware kind volgens die gemeenskaplike geloof (1:3), het 'n gelowige geword óf as die resultaat van Paulus se bediening in Antiochië of Sirië óf tydens Paulus se eerste sendingreis. Kort daarna het Titus vir Paulus en Bárnabas vergesel na 'n vergadering in Jerusalem, as 'Bewysstuk A' van hoe God 'n heiden gered het wat nooit in terme van die Mosaïese verbond besny hoef te word nie (vgl. Hand 15:1, 3, 5; Gal 2:1-3; Fruchtenbaum 2005:9). As die apostel se beskermeling, was Titus 'n metgesel en medewerker wat in dieselfde gees en spore as Paulus gewandel het (vgl. 2 Kor 2:13; 8:23; 12:18). Titus was die 'aktiwiteitsman' vir sensitiewe en moeilike take. As die apostel se verteenwoordiger het Titus nie net geld ingesamel vir die arm gelowiges in Jerusalem nie (2 Kor 7:6-16; 8:1-24), maar hy het ook 'n 'streng brief' na die Korinthiërs geneem (vgl. 2 Kor 12:18). Nadat hy saam met Paulus gewerk het onder Kretensers wat beskryf word as "leuenaars, ongediertes, lui buike" (1:12), het Titus opdrag gekry om verder reg te maak wat oorgebly het en dat hy ouderlinge moes aanstel (1:5), en daar moes bly totdat Paulus ander na Kreta kon stuur voordat Titus by Paulus kon aansluit in Nikópolis (3:12). Titus was dus 'n betroubare seun en broer wat dieselfde geloof gedeel het wat alle gelowiges in Christus deel, die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is (vgl. Jud 3).⁶

Die seëngroet is eerstens genade, want as God nie vrylik vir ons gegee het wat ons nooit kan verdien nie, sou nie een van ons kon gelewe het nie. Wat meer is, deur God se barmhartigheid ontvang ons ook nie dit wat ons sondige daade verdien nie. Genade en barmhartigheid loop oor in God se vrede. Jesus het gesê, "Vrede laat Ek vir julle na, my vrede gee Ek aan julle" (Joh 14:27).⁷ Hierdie seën is nie net van God die Vader nie maar ook van die Here Jesus Christus ons Verlosser. Voorheen is God die Vader beskryf as ons Verlosser (1:3), maar nou word die Here Jesus Christus soortgelyk beskryf as *Soter*, as Verlosser (1:4; vgl. 2:13; 3:6) — want beide van hulle is betrokke by die voorsiening van die

⁶ Titus was by Paulus heel teen die einde van die apostel se lewe, maar toe het Paulus vir Titus na Dalmásië (of Illirikum) gestuur, wat oos is van noordelike Italië oorkant die Adriatiese See (2 Tim 4:10). Dalmásië/Illirikum kan moontlik verwys na hedendaagse Slowakye of dele van moderne Kroasië, Bosnië-Herzegowina en noordelike Albanië (Constable 2016:2).

⁷ Die betekenis van *shalom* (vrede) sluit in vrede, kalmte, veiligheid, behaaglikheid, welsyn, volkomenheid, gerustheid, gesondheid, vergenoegdheid, sukses en integriteit (oorspronklike volmaakte staat).

gawe van verlossing, soos ook God die Heilige Gees is, soos wat hierdie brief aan Titus later sal verduidelik (3:5).

In hierdie lang seëngroet benadruk Paulus nie net sy apostoliese gesag nie, maar ook 'n spesifieke boodskap. Die boodskap wat die brief van die heel begin af deurtrek, handel oor die gesonde leer (**kennis van die waarheid**) en goeie werke (**wat na die godsaligheid is**). Terwyl die gesag en boodskap van God kom, sal Titus, as Paulus se verteenwoordiger, opdrag kry om sekere dinge te doen. As die kerke in 'n moeilike plek soos Kreta deur God se bemagtigende krag gevestig kan word en groei, dan kan dit op enige plek in die wêreld so gebeur. Soos hierdie kort brief dit duidelik sal maak is dit wel moontlik, want **die reddende genade van God het aan alle mense verskyn**, die **goedertierenheid van God, ons Verlosser, en sy liefde tot die mens het verskyn** (2:11; 3:4).

B) Instruksies vir ouderlinge, ware leer 1:5-9

⁵OM hierdie rede het ek jou in Kreta agtergelaat, dat jy nog verder sou regmaak wat oorgebly het, en van stad tot stad ouderlinge sou aanstel soos ek jou beveel het — ‘as iemand onberispelik is, die man van een vrou, gelowige kinders het wat nie beskuldig word van losbandigheid of tugteloos is nie. ⁷Want 'n opsiener moet as 'n rentmeester van God onberispelik wees, nie eiesinnig, nie oplopend, geen drinker, geen vegter, geen vuilgewinsoeker nie; ⁸maar gasvry, een wat die goeie liefhet, ingetoë, regverdig, heilig, een wat homself beheers; ⁹een wat vashou aan die betroubare woord wat volgens die leer is, sodat hy in staat kan wees om met die gesonde leer te vermaan sowel as om die teësprekers te weerlê.

Op een of ander stadium het Paulus en Titus die evangelie van Christus na die bewoners van die eiland Kreta gebring (1:5). Paulus het toe sy derde sendingreis voortgesit maar (tydelik) vir Titus agtergelaat. In Paulus se skrywe van waarskynlik Nikópolis af (3:12), word Titus opdrag gegee om twee, moontlik drie dinge te doen. Een, deur die gebruik van 'n Griekse werkwoord *epidiorthēsē* vir die taak om **verder reg te maak wat oorgebly het**, moes Titus positiewe onderrig in lering en Christelike leefwyse voorsien (Hiebert 1957:30) — net soos 'n dokter wat gebreekte bene spalk en krom bene reguit maak (Guzik 2006). Twee, dat Titus **van stad tot stad ouderlinge sou aanstel**, 'n opdrag wat voorheen persoonlik gegee is (**soos ek jou beveel het**), maar nou verskaf Paulus vir Titus geskrewe gesag om op te tree soos verder verduidelik in verse 6-9. Bykomend tot hierdie twee take moes Titus, wanneer hy die brief kry, vir **Senas die wetgeleerde en Apollos ywerig voorthelp, sodat dit hulle aan niks ontbreek nie** (3:13). Hierdie werk moes voortgaan totdat **Ártemas** of **Tíchikus** sou opdaag (3:12). Op daardie stadium moes Titus, nadat hy op die eiland Kreta gedien het, by Paulus in Nikópolis aansluit (3:12). Die tabel op die volgened bladsy gee 'n opsomming van 17 hoedanighede vir 'n ouderling wat aan Titus genoem word.⁸

⁸ Bronne geraadpleeg in die opstel van hierdie tabel sluit in Guzik (2006) en Constable (2016:10-13).

Hoedanigheid	Betekenis	Verwysings
Onberispelik (Grieks: <i>anegkletos</i> ; twee keer genoem)	Geen sigbare klad in karakter of optrede nie. Niks "tugteloos" wat sy lewe of dié van die plaaslike kerk skade kan berokken nie. Geen skandale nie.	Titus 1:6; vgl. 1 Tim 3:2
Die man van een vrou (Gr. <i>mias gunaikos aner</i>)	Een-vrou man. Ouderling fokus aandag op een vrou, d.i. sy eie vrou. Ouderling kan ongetroud wees.	Titus 1:6; vgl. 1 Tim 3:2
Het gelowige kinders wat nie beskuldig word van losbandigheid (Gr <i>asotia</i>) of tugteloosheid nie	Kinders moenie teen hul vader se gesag rebelleer nie. Losbandigheid beteken om onverskillig te lewe (vgl. Luk 15:13). Verwys dit na gelowige kinders of na kinders wat die hoof van die huis voorbeeldig gehoorsaam? Ek dink laasgenoemde.	Titus 1:6; vgl. Luk 15:13; 1 Tim 3:4-5, 12
'n Rentmeester van God	Die ouderling tree op as 'n rentmeester van God. Hoe groter die Heer, hoe meer word dit van die dienaars verwag om getrou te wees en hoe meer verantwoordelikhede behoort die dienaars te hê.	Titus 1:7; vgl. Mark 10:41-45; 1 Kor 3:5-9; 4:1-2
Nie eiesinnig nie (Gr. <i>me authade</i>)	Nie selfsugtig, arrogant, koppig, hovaardig, baaspelerig nie.	Titus 1:7; vgl. 1 Tim
Nie oplopend nie (Gr. <i>me orgilon</i>)	Nie gou kwaad word of strydlustig wees nie. Moenie langdurig kwaad bly nie.	Titus 1:7; vgl. 1 Tim 3:2-3
Geen drinker nie (Gr. <i>me paroinon</i>)	Moenie meer drink as wat fatsoenlik is nie.	Titus 1:7; vgl. 1 Tim 3:3
Geen vegter nie (Gr. <i>me plekten</i>)	Nie gewelddadig wees in daad of woord nie. Moenie ander oordonder nie.	Titus 1:7; vgl. 1 Tim 3:3
Geen vuilgewinsoeker nie (Gr. <i>me aischrokerde</i>)	Vry van die liefde vir geld. Probeer nie wins maak uit Christendiens nie.	Titus 1:7; vgl. 1 Tim 3:3, 8; 6:7-8, 17-19
Gasvry (Gr. <i>philexendon</i>)	In daardie tyd nie hotelle soos ons vandag het nie en Christene het huisvesting vir ander verskaf.	Titus 1:8; vgl. 1 Tim 3:2
Een wat die goeie liefhet (Gr. <i>philagathon</i>)	Nie die onedele en gemene dinge van hierdie wêreld aanhang nie, maar dit wat goed is.	Titus 1:8
Ingetoë (Gr. <i>sophrona</i>)	Dink helder en logies. Verstandig. Kan 'n sin vir humor hê, maar nie stuitige gedrag nie. Paulus verwys 10 keer na ingetoënheid in die pastorale briewe.	Titus 1:8; vgl. 1 Tim 3:2
Regverdig (Gr. <i>dikaion</i>)	Korrek teenoor mense, eerlik, regverdig, billik.	Titus 1:8
Heilig (Gr. <i>hosion</i>)	Korrek teenoor God, afgesonder vir God.	Titus 1:8
Selfbeheersd (Gr. <i>egkrate</i>)	Korrek teenoor self, gedissiplineerd, bedaad.	Titus 1:8
Een wat vashou aan die betroubare woord wat volgens die leer is	Toegewy aan God se waarheid en wyk nie daarvan af nie. Het lering van iemand anders ontvang. Kan die Woord van God met selfvertroue en gesag aan mense oordra. Hou die waarheid in stand en bewaar dit, hetsy van verwatering, verdraaiing of uitwissing.	Titus 1:9; 1 Tim 3:2
In staat om met die gesonde leer te vermaan en teësprekers te weerlê	Kan ander met die Skrif bemoedig (vermaan) maar ook ander teëgaan (oortuig) wat op die verkeerde pad is. Dit beteken om die dwaling van vals leer uit te wys en te sê hoekom dit verkeerd is.	Titus 1:9; vgl. 1 Tim 3:2

C) Bestraf vals leraars en hul lering 1:10-16

¹⁰Want daar is baie wat tugteloos is, wat onsin praat en verleiers is, veral die wat uit die besnydenis is; ¹¹hulle mond moet gestop word. Hulle keer hele huise onderstebo deur te leer wat nie betaam nie, ter wille van vuil wins. ¹²Een uit hulle, hul eie profeet, het gesê: Die Kretense is altyd leuenaars, ongediertes, lui buike. ¹³Hierdie getuienis is waar. Daarom moet jy hulle skerp bestraf, sodat hulle gesond in die geloof kan wees, ¹⁴en hulle nie besig hou met Joodse fabels en gebooi van mense wat van die waarheid afwyk nie. ¹⁵Alle dinge is rein vir die reines; vir die besoedeldes en ongelowiges egter is niks rein nie, maar hulle verstand sowel as hulle gewete is besoedel. ¹⁶Hulle bely dat hulle God ken, maar hulle verloën Hom deur die werke, omdat hulle gruwelik en ongehoorsaam is en ongeskik vir elke goeie werk.

Die begin van vers 10 (“Want”) vloei gemaklik voort uit die einde van die vorige vers. Om tugteloos te wees, is om gesag of beheer teen te staan. Die vals leraars wil hulle nie onderwerp aan die ware leer wat in vers 9 genoem word nie. Hierdie tugteloses is enersyds mense wat onsin praat – wat beteken hulle uiter leë, sinlose dinge wat nikswerd is – of hulle is verleiers wat mense se denke mislei. Aangesien hulle *veral die* is *wat uit die besnydenis* is, kan dit afgelei word dat die vals leraars meestal van Joodse afkoms was, maar daar was ook vals leraars van heidense afkoms. Die *mond* van die vals leraars *moet gestop* word; die beeld is dat hul monde gemuilband of beteuel moet word. Dit is ooglopend die presiese teenoorgestelde beeld vir die ware leraars: “Want die Skrif sê: Jy mag ’n os wat graan dors, nie muilband nie”, en “Die arbeider is sy loon werd” (1 Tim 5:18). Die teks sê nie hoe die vals leraars stilgemaak moet word nie, maar die konteks in Titus benadruk die ware leer, en die waarheid van God se Woord moet dus gebruik word om hulle stil te maak (vgl. Heb 4:12-13). Deur te onderrig wat hulle nie moet nie, het vals leraars hele huise (gesinne, families) onderstebo gekeer (omvergewerp), waarskynlik ’n gevolg verkry en hierdie volgelinge kon uiteindelik vir hierdie vals leraars geld betaal het (oneerlike, *vuil wins*).

Die aanklag in Titus 1:12 is baie ernstig. Onder die inspirasie van die Heilige Gees kies Paulus ’n gesegde van Epimenides, ’n boorling van *Gnossus* in Kreta wat in 600 vC gelewe het. Epimenides was nie ’n geïnspireerde profeet nie, maar is deur die Kretensers erken as ’n voorspeller en ’n digter. Die Kretensers was bekend as leuenaars – soveel so dat ’n populêre spreekwoord van daardie tyd was ‘om te Kreteneer’, wat beteken om te lieg en te bedrieg. Nog ’n spreekwoord was dat ‘die Kretenser moet speel met ’n Kretenser’, dit is om ’n bedrieër met ’n bedrieër te uitoorlê. Die beskrywing *ongediertes* beeld hulle wrede, ongetemde en vernietigende geaardheid uit. Wat die *lui buike* betref, hulle wou nie werk nie maar wou beslis geld en status besit.

As ’n Kretenser (“*een uit hulle*”) sê, *Die Kretense is altyd leuenaars*, is dié stelling selfverwysend inkonsekwent, want hoe kan ’n mens weet of die stelling waar is as ’n Kretenser dit sê? In vers 13 bevestig Paulus egter nie net dat *hierdie getuienis waar is* van

die vals leraars nie, maar voeg by dat Titus hulle skerp moet bestraf, soos om met 'n snydoktersmes akkurate snitte met die waarheid aan te bring. Die positiewe rede vir so 'n skerp bestraffing is **sodat hulle gesond in die geloof kan** wees. Ten spyte van die ernstige aanklag in vers 12, wil God steeds hê dat vals leraars hulle na Hom moet keer. Per slot van rekening, was Paulus nie 'n vals leraar voordat hy 'n gelowige in Christus geword het nie? 'n Negatiewe rede wat vir die skerp bestraffing gegee word, is **sodat hulle hul nie sal besig hou met Joodse fabels en gebooie van mense wat van die waarheid afwyk nie**. Dié Joodse fabels was fiktiewe verdigsels en dis nie nodig om te spekuleer oor wat hierdie verdigsels was nie.

Die frase **gebooie van mense** kom voor in Mattheüs 15:1-20. Jesus het die skrifgeleerdes en Fariseërs (wat uiteraard Jode was) bestraf omdat hulle God tevergeefs aanbid het deur hul leringe wat **gebooie van mense is**. Jesus het ook nog verder gesê dat **“alles wat in die mond ingaan, in die maag kom en in die heimlikheid uitgewerp word ... [m]aar die dinge wat uit die mond uitgaan, kom uit die hart, en dit is dié wat die mens onrein maak”** (Matt 15:17b-18). Wat rein is en wat onrein is, kom van binne, uit die hart. Die vals leraars in Kreta (**veral die wat uit die besnydenis is**) het egter die vermoë verloor om te onderskei tussen dit wat onskuldig (**alle dinge is rein**) en dit wat sondig is; hulle het neutrale of amorele dinge (nóg immoreel nóg moreel) in verskeie voorgeskrewe rituele aangehang (vgl. 1 Tim 4:1-5). **Alle dinge is rein vir die reines** maar die presiese teenoorgestelde geld ook: as onreinheid toegeskryf word aan nie-morele dinge, wat kan gesê word van die innerlike gesteldheid van diegene wat dit bedryf? Hierdie dade sou inderdaad hul denke en gewetes besoedel. Hierdie vals leraars **bely dat hulle God ken**, maar in die praktyk **verloën hulle Hom** en hulle word veroordeel as **gruwelik** (verfoeilik, selfs afgodsdienaars), **ongehoorsaam** (nie in ooreenstemming met God se Woord nie; ongehoorsaam aan die waarheid), **en ongeskik** (nikswerd) **vir elke goeie werk**.

D) Preek gesonde leer vir verskeie groepe 2:1-10

2 ¹MAAR spreek jy wat by die gesonde leer pas. ²Die ou manne moet nugter wees, waardig, ingetoë, gesond in die geloof, in die liefde, in die lydsaamheid. ³Die ou vroue moet ook in hulle gedrag wees soos dit die heiliges betaam, geen kwaadspreeksters of aan baie wyn verlaat nie, maar leraresse van wat goed is, ⁴sodat hulle die jong vroue kan leer om versigtig te wees, hulle mans en kinders lief te hê, ⁵ingetoë te wees, kuis, huislik, goed, aan hul eie mans onderdanig, sodat die woord van God nie belaster word nie. ⁶Vermaan die jong manne net so om ingetoë te wees. ⁷Betoon jou in alles 'n voorbeeld van goeie werke, met onvervalstheid in die leer, waardigheid, opregtheid. ⁸Laat die woord gesond en onweerspreeklik wees, sodat die teëstanders beskaam kan word en niks slegs kan hê om van julle te sê nie. ⁹Die diensknegte moet onderdanig wees aan hul eie here, hulle in alles behaag en nie teëpraat nie; ¹⁰hulle moet niks ontvreemd nie, maar alle goeie trou betoon, sodat hulle die leer van God, ons Verlosser, in alles kan versier.

In skerp kontras (“**MAAR**”) met die tugteloses wat hele huise onderstebo keer en wie se lering – of eerder fabels en gebooië van mense – slegte vrugte sal voortbring (1:10-11, 14), moet Titus (**maar ... jy**) dinge spreek wat **by die gesonde leer pas**. Die klem val op etiese gedrag, op korrekte lewenswyse. Vir wie moet Titus leer? Die apostel Paulus gee Titus opdrag om te onderrig wat paslik is vir ouer mans (2:2), ouer vroue en (indirek) jong vroue (2:3-5), jong mans (2:6) en ook slawe (2:9-10). Hierdie lering is nie alleenlik die teenmiddel teen dwaling nie, maar versterk ook die innerlike lewe van gelowiges (vgl. Constable 2016:17).

Die ouer mans in 'n gemeente speel 'n belangrike rol in die lewe van die plaaslike kerk. Die reikwydte van hul invloed hang af van hul voorbeeld, van die aangenaamheid en sagmoedigheid van hul Christelike karakter (Hiebert 1957:48). Ouer mans moet wees: **nugter** (nie oormatig wyn gebruik nie), **waardig** (eerbare karakter in denke, woord en daad), **ingetoë** (goed gebalanseerd en verstandig) en ook **gesond in die geloof, in die liefde, in die lydsaamheid** (weldadig of gesond wat betref respek vir geloof en liefde asook geduldig in beproewings en versoeking). As ons in ons ouderdom ‘gevestig’ gaan raak in ons lewenswyse, moet ons dit verkieslik doen in geloof, liefde en geduld (Guzik 2006). Let op dat Paulus se opdragte diegene hoog ag wat volwasse is in Christus, diegene wat geoefen is in die toepassing van die waarheid van God se Woord in hul lewens (vgl. Heb 5:13-14).

Ook **ou vroue** moet Christelike karkatereienskappe vertoon. Hulle moet **in hulle gedrag wees soos dit die heiliges betaam** (mense wat vir God afgesonder is), **geen kwaadspreeksters** nie (nie laster nie, nie die duiwel se werk doen deur kwaad te praat van ander of ander te beskuldig nie) en nie **aan baie wyn verslaaf** wees nie (nugter wees; vgl. 1 Tim 3:11). Positief gesien, moet ouer vroue **leraresses** wees **van wat goed is** (dit wat edel of regskaap is) – en hierdie lering sluit in om **jong vroue** te bemoedig of te bekwaam. Ouer vroue moet vir die jonger vroue sewe dinge leer. Hulle moet **hulle mans en** ook hulle **kinders** opreg liefhê. Hoewel sommige aspekte van hierdie liefde natuurlik is, moet hulle die selfopofferende liefde van Jesus Christus, ons God en Verlosser, geleer word (Guzik 2006). Ten opsigte van hulself moet jonger vroue **ingetoë** wees (deugsam of gebalanseerd in ingesteldheid, denke en optrede) en **kuis** (rein en beskeie). Ten opsigte van hul huise moet hulle **huislik** wees (besig met huisonderhoud en huislike aangeleenthede, maar nie noodwendig slegs met huishoudelike take gemoeid nie), **goed** wees (goeie geaardheid of persoonlikheid, eerlik, onderskei tussen wat goed en wat sleg is) en moet **aan hul eie mans onderdanig** wees. Die rede waarom die ouer vroue al hierdie dinge vir die jonger vroue moet leer, is **sodat die woord van God nie belaster word nie**. Volgens Hiebert (1957:51) is die ‘opheffende en

verfynende impak van die Christendom op vrouwees een van die belangrike sosiale bydraes van die Christendom'.⁹

Constable (2016:20; eie vertaling) vermeld dat God wil hê 'n getroude vrou moet die huis 'haar *primêre* bediening maak, nie noodwendig haar *enigste* bediening nie' – voordat hy die onderstaande tabel uit 'n Gesinslewe Konferensie byvoeg om die wêreld se siening te kontrasteer met God se siening ten opsigte van vroue en hul huise:

Die wêreld se siening	God se siening
Huis is 'n vervelige geswoeg.	Huis is 'n hawe weg van die wêreld af.
Tuisteskepping & kinders is 'n las.	Dit is God se goeie gawes.
Heg waarde aan materiële sukses / selfvoldoening in die hede.	Heg waarde aan karakter en godsaligheid; belê in die toekoms.
Plaas kinders in kindersorg in stede daarvan om self vir hulle te sorg.	Ouers moet hul kinders leer en hul verantwoordelikhede t.o.v. hul kinders se opvoeding nakom.
Kinders, tuisteskepping, en dikwels die huwelik, kom in die pad van eie prestasie.	Grootmaak van godvrugtige kinders is een van die maniere om God se doelwitte uit te voer & een van die hoogste roepings in die lewe.
Eis jou regte vir vervulling.	Laat vaar jou regte.

Titus moet jong mans net met een opdrag vermaan, naamlik om **ingetoë** te wees (2:6; vgl. 1:8; 2:2, 4, 8). Jong mans moet selfbeheersing en balans aankweek in teenstelling met voortvarendheid en die onoordeelkundige najaag van allerhande passies. Titus moes ook op twee maniere 'n rolmodel wees. Een, sy optrede moes **'n voorbeeld van goeie werke** wees. Twee, sy lering (of die onderrig daarvan) moes wees met **onvervalstheid** (onkreukbaar; ingesteldheid tydens onderrig), **waardigheid** (erns, eerlikheid; onderrigmetode) en **opregtheid**. Sy lering moes geestelik gesond wees; niemand moes Titus se uitsprake kon weerspreek of iets slegs te sê kon hê oor "julle" nie (dit sluit die ander ouderlinge in en uiteraard ook vir Paulus) – en as hulle sou slegpraat, sou hulle beskaam word.

Terwyl die vorige groepe gegrond was op ouderdom of geslag, moes Titus ook 'n sosiale klas van daardie tydsperiode aanspreek, naamlik slawe. 'In die antieke wêreld het Christene die breër kultuur geskok deur slawe en slawemeesters saam te akkommodeer in die sosiale opset van die kerkdiens. Dit het beteken dat 'n slaaf wat kerk bygewoon het 'n ouderling oor sy eie meester kon wees' (Guzik 2006; eie vertaling). Titus het slawe (**diensknegte**) vermaan dat hulle **onderdanig [moet] wees aan hul eie here** – en deur gehoorsaamheid aan hul here, sou hulle gehoorsaam wees aan God (maar sien Handeling 5:2, waar van toepassing). Sulke onderdanigheid moes nie in bitterheid geskied nie, maar hulle moes intendeel hul here in alle dinge **behaag** (aanvaarbare gedrag), **nie teëpraat** (ontken of weerspreek) **nie** en **niks**

⁹ Dit is onthullend om te sien hoe verskeie 'godsdienste' vroue behandel.

ontvreemd (steal of verduister) nie. Bowenal moes slawe alle goeie trou betoon in alles wat aan hulle toevertrou is. 'n Geestelike motief word vir hierdie opdragte gegee: sodat hulle die leer van God, ons Verlosser, in alles kan versier (optooi, met eer verfraai). Slawe het 'n ontsaglike geleentheid ten opsigte van die leer van God ons Verlosser: 'Selfs iemand in 'n lae of onbevoorregte plek in die lewe het die potensiaal om God se waarheid te versier deur hul lewenswyse' (Guzik 2006; eie vertaling).

X) Die genade van God het verskyn 2:11-14

¹¹WANT die reddende genade van God het aan alle mense verskyn ¹²en leer ons om die goddeloosheid en wêreldse begeerlikhede te verloën, ingetoë en regverdig en vroom in die teenwoordige wêreld te lewe, ¹³terwyl ons die salige hoop en die verskyning van die heerlijkheid verwag van die grote God en ons Verlosser, Jesus Christus, ¹⁴wat Homself vir ons gegee het om ons te verlos van alle ongeregtheid en vir Homself 'n volk as sy eiendom te reinig, ywerig in goeie werke.

In die Grieks begin die sin met die woord 'verskyn' (*epiphainô*), en beklemtoon so die reddende genade van God wat verskyn het. Hierdie verskyning verwys na die eerste koms van Jesus Christus en die evangelie van Christus se dood, begrafnis en opstanding wat reddende genade bring vir alle mense (vgl. 1:3). Deur God se genade is redding beskikbaar vir alle mense (vgl. Joh 12:32; 1 Joh 2:2), maar nie alle mense eien deur geloof hierdie geskenk van redding toe nie.

Soos in die inleiding te kenne gegee word (1:1), en vir diegene wat God se genadige geskenk van redding deur geloof toeëien, neem hierdie genade van God ons soos kinders terug skool toe, en leer ons (oplei, tugtig, bedwing, dissiplineer) twee dinge. Een, en negatief gesien, word gelowiges ("ons") geleer om goddeloosheid (dit wat nie soos God is nie, nie soos Jesus Christus is nie) en wêreldse begeerlikhede te verloën (vgl. Rom 12:1-2; 1 Joh 2:16-17). Twee, en positief gesien, moet ons ingetoë (selfbeheersd, verstandig; vgl. 1:8; 2:2, 4-6), regverdig (redelik, billik) en vroom (met eerbiedige toewyding aan God) lewe in die teenwoordige wêreld. Wiersbe (2007:793; eie vertaling) stel dit goed: Om ingetoë te wees, beklemtoon 'die gelowige se verhouding met homself, terwyl "regverdigheid" sy verhoudings met ander mense bepaal. "Vroom" het te doen met die Christen se verhouding met die Here, maar die kwaliteite moenie geskei word nie'.

Bogenoemde moet voortgaan in die teenwoordige wêreld, 'n tydperk waarin ons nog nie alle dinge onderworpe sien aan die Here Jesus Christus nie (Heb 2:8), 'n tydperk wat elders in die Bybel beskryf word as boos omdat Satan steeds al die nasies verlei (vgl. Gal 1:4; vgl. Op 20:3). Terwyl ons lewens lei soos bo beskryf (dit is: ingetoë, regverdig en vroom), moet gelowiges die salige hoop en die verskyning van die heerlijkheid verwag van die grote God

en ons Verlosser, Jesus Christus. Gelowiges moet met die voortdurende verwagting lewe dat ons salige hoop, die grote God en ons Verlosser, Jesus Christus, enige oomblik kan verskyn. Ons salige hoop is gevestig in Hom en die genade van God dissiplineer ons om lewens te lei wat Hom vereer. Die volgende verskyning van Jesus Christus sal met die wegraping wees, en daardie verskyning van die Here sal sy heerlijkheid toon.

Met Christus se eerste koms het Hy aan die kruis Homself vir ons gegee, en plaasvervangend gesterf vir die straf vir ons sondes (vgl. Matt 20:28). Die redding wat Christus gekoop het doen vir ons twee dinge. Ons groot God en Verlosser het ons nie alleenlik van alle ongeregtigheid gered waardeur ons geregverdig is nie, maar Hy heilig ons ook om vir Homself 'n volk as sy eiendom te reinig, ywerig in goeie werke.¹⁰

D') Preek gesonde leer en vermaan en bestraf 2:15-3:3

¹⁵Spreek hierdie dinge en vermaan en bestraf in alle erns. Laat niemand jou verag nie. ³¹HERINNER hulle daaraan om onderdanig te wees aan owerhede en magte, om gehoorsaam te wees, bereid tot elke goeie werk; ²om niemand te belaster nie, nie strydlustig te wees nie, vriendelik te wees en aan alle mense alle sagmoedigheid te bewys. ³Want ons was ook vroeër onverstandig, ongehoorsaam, op 'n dwaalweg, verslaaf aan allerhande begeerlikhede en singenot; ons het in boosheid en afguns gelewe; ons was haatlik en het mekaar gehaat.

Paulus spreek Titus direk aan en gee hom die opdrag om hierdie dinge te spreek, die leer van God waarna vroeër in die brief verwys is, insluitend die evangelie van Christus (vgl. 2:1-14). Dit kan waarskynlik ook vooruitloop wat Paulus Titus beveel om volgende te doen. Titus moet die mense vermaan sodat hulle sal toepas wat hulle geleer het en hy moet hulle bestraf (*periphronêô*) in alle erns. Titus moet niemand toelaat om hom te verag deur die leer van God te systap met slim rasionaliserings om in hul ou weë te volhard nie (vgl. 1:12). Hierdie leer kom van God en dit is 'n betroubare woord (vgl. 1:3; 3:8).

In Titus 3:1-3 fokus Paulus op die Christen se gedrag met betrekking tot hooggeplaastes in die regering en die res van die gemeenskap. Titus word gesê om hulle (Kretense gelowiges en, uitgebreid, alle Christene) daaraan te herinner om goeie burgers te wees wat ten minste aan ses dinge sal beantwoord, naamlik om: (1) onderdanig te wees aan owerhede en magte (vgl. 1:12; Rom 13:1-7), (2) bereid tot elke goeie werk (maar nie bereid tot enige bouse werke nie), (3) niemand te belaster (beswadder of beskinder) nie, (4) nie strydlustig te wees nie (nie-aggressief, nie 'n bakleier nie, nie kyfagtig nie), (5) vriendelik te wees (bedagsaam,

¹⁰ Kerkdispensasie-gelowiges bestaan uit Joodse en nie-Joodse gelowiges in een liggaam van Christus. Nadat Hy ten tyde van die wegraping in die lug verskyn het, sal die Here voortgaan om vir Homself meer gelowiges te red en te reinig, maar tydens die Verdrukking sal God se plan op aarde nie voortgaan deur die weggeraapte Kerk nie, maar sal herfokus op Israel en al die nasies.

verdraagsaam, nie twissoekerig nie) (6) **en aan alle mense sagmoedigheid** (sagte redelikheid) **te bewys**.

Christene kan alleenlik roem in die Here Jesus Christus wat aan alle mense verskyn het. Paulus herinner die Kretense gelowiges – en Paulus sluit homself in by die karakterisering (**ons was ook vroeër ...**) – aan hoe hulle was voordat hulle Christene geword het. ‘So ’n voorlegging van iemand se verlede voordat hy ’n Christen geword het, gevolg deur ’n beskrywing van sy ingesteldheid as ’n Christen, het ’n gebruikelike rol gespeel in vroeë Christelike prediking’ (Lopez 2011:315-316; eie vertaling).¹¹

Constable (2016:27; eie vertaling) meld die volgende op oor die inhoud van Titus 3:3:

[E]lke eienskap wat hy [Paulus] in hierdie vers noem, kontrasteer met een wat hy vroeër in die brief sy lesers dringend vermaan het om te aanvaar. Hulle – Paulus het homself ingesluit – was: “onverstandig,” nie *verstandig* nie; “on gehoorsaam,” nie *onderworpe* nie; “op ’n dwaalweg,” nie *ingelig* nie; en “verslaaf,” nie *vry en selfbeheersd* nie. Verder het hulle ook nog gelewe in “boosheid,” nie in *vrede* nie; in “afguns,” nie in *bedagsaamheid* nie; en was hulle “haatlik,” nie *liefdevol* nie.

Hoe, egter, het Paulus, Titus, Kretense gelowiges – ja, alle Christene – verander van dit wat hulle was na dit wat hulle nou is en al hoe meer word?

X') Die goedertierenheid en liefde van God het verskyn 3:4-7

4Maar toe die goedertierenheid van God, ons Verlosser, en sy liefde tot die mens verskyn het – **5**nie op grond van die werke van geregtigheid wat ons gedoen het nie, maar na sy barmhartigheid het Hy ons gered deur die bad van die wedergeboorte en die vernuwing deur die Heilige Gees **6**wat Hy ryklik uitgestort het op ons deur Jesus Christus, ons Verlosser; **7**sodat ons, geregverdig deur sy genade, erfgename kan word ooreenkomstig die hoop van die ewige lewe.

Christene kan hulself nie red nie (**nie op grond van die werke van geregtigheid wat ons gedoen het nie**). Elke mens het ’n lossers nodig wat gewillig is en die vermoë het om die prys vir ons sondes te betaal. Die verwysing na **verskyn** het te doen met die verskyning van Jesus Christus tydens sy eerste koms. Van sy menswording af het die Seun van God die menslike natuur naas sy voorafbestaande Goddelike natuur aangeneem. Hierdie verskyning van Jesus Christus is die grootste verwesenliking van God die Vader se **goedertierenheid en liefde tot die mens** (vgl. Joh 3:16).

¹¹ Sien ook ander ‘sedelose lyste’ soos bv. vermeld in Romeine 1:29-32; 2:8; 13:13; 1 Korinthiërs 5:10-11; 2 Korinthiërs 12:20-21; Efésiërs 4:31; Filippense 3:2; Kolossense 3:5-9 en 1 Timótheüs 1:9-10; 6:4-5.

[T]oe die goedertierenheid van God ons gered het, was dit nie deur ons werke nie, sodat niemand kan grootpraat nie, maar dit was deur die bad van die wedergeboorte en die vernuwing deur die Heilige Gees wat Hy [God die Vader] ryklik uitgestort het op ons deur Jesus Christus, ons Verlosser. Al drie Persone van die Drie-eenheid is betrokke by die redding van elke enkele gelowige. Die bad van die wedergeboorte kan verwys na die geestelik reinigende en vernuwende werk van die Heilige Gees (Guzik 2006). Hiebert (1957:70; eie vertaling) sê,

Die reiniging word bewerkstellig deur die aanwending van die Woord van God in die hart en gewete. Die Woord word elders aangetoon as die instrument of middel tot weergeboorte (1 Petrus 1:23; Jakobus 1:18). Onderwyl die bekendmaking van die Woord in die hart aangewend word, word weergeboorte deur die Gees bewerkstellig. Dit is die aanvanklike ervaring van redding wat in die gelowige bewerkstellig word. Die doop is die daaropvolgende getuienis van die reiniging wat plaasgevind het.

Die vernuwing deur die Heilige Gees begin wanneer iemand 'n gelowige in Christus word en is 'n voortgaande werk deur die Heilige Gees in die lewe van so 'n gelowige wat hom of haar na verdere heiligmaking lei (vgl. 3:7). God het ons nie alleenlik geregverdig nie (ons regverdig verklaar), maar deur sy genade sal ons ook erfgename kan word ooreenkomstig die hoop van die ewige lewe (3:7; vgl. 1:2). Constable (2016:28) som dit op soos volg: 'In verse 5-7 verduidelik Paulus wat God gedoen het (redding, wassing, weergeboorte, vernuwing, regverdigmaking), die basis daarvan (God se genade), die middel daarvan (die Heilige Gees), en die doel daarvan (hoop op die ewige lewe).'

Met die geboorte van die Kerk, op Pinksterdag, is die Heilige Gees nie net op die twaalf apostels uitgestort nie, maar ook op ander Joodse gelowiges toe hulle in die Liggaam van Christus ingedoop is (Hand 2). Die Heilige Gees is ook uitgestort op Samaritaanse- (Hand 8) en heidengelowiges (Hand 10-11; 11:15-17) toe die evangelie van Christus vanaf Jerusalem versprei het na Judéa, Samaría en tot aan die uiterste van die aarde (Hand 1:8).¹²

DD') Bevestig ware leer en goeie werke 3:8

⁸Dit is 'n betroubare woord, en ek wil hê dat jy hierdie dinge beslis bevestig, sodat die wat in God glo, sorg kan dra om goeie werke voor te staan; dít is wat goed en nuttig is vir die mense.

Vir die derde keer in hierdie brief gee Paulus vir Titus opdrag om "hierdie dinge" te bevestig (3:4-7; vgl. ook 2:1, 15) en om dit beslis te doen. Die doel is om gelowiges, die wat in God glo, te laat optree volgens die betroubare woord, om nie net hoorders te wees van die

¹² Die Heilige Gees sal op die oorblyfsel van Israel uitgestort word in die Verdrukkingstydperk (Joël 2:28-29).

lering van God nie, maar ook daders daarvan deur **sorg [te] dra om goeie werke voor te staan**. **Goeie** werke is nie net wesenlik voortreflik nie, maar is ook op 'n praktiese vlak **nuttig** of voordelig (Constable 2016:28). 'Die beste manier vir 'n plaaslike kerk om vir die verlore nes te getuig is deur die opofferende diens van die lede daarvan' (Wiersbe 2007:794; eie vertaling).

C') Verwerp vals leraars en hul lering 3:9-11

⁹Maar vermy dwase strydvrage en geslagsregisters en twis en stryery oor die wet, want dit is nutteloos en doelloos. ¹⁰Aan 'n man wat partyskap verwek, moet jy jou onttrek ná die eerste en tweede vermaning, ¹¹wetende dat so iemand op 'n verkeerde pad is en sonde doen en selfveroordeeld staan.

In teenstelling ("Maar") met die goeie werke wat in vers 8 genoem word, moet Titus ook voortdurend vermy wat **nutteloos en doelloos** is. Die vals leraars het **dwase strydvrage en geslagsregisters en twis en stryery oor die wet** aangewakker (vgl. ook 1:10-16). Hierdie twisvrage ten opsigte van oorwegend Judaïstiese kwessies veroorsaak partyskap. Titus moet hierdie mense twee keer vermaan. Die idee is herstelling, maar as dit misluk, en hulle nie ophou met hul lering nie, moet Titus hom aan hierdie vals leraars onttrek (vgl. Matt 18:15-17), **wetende dat so iemand op 'n verkeerde pad is** (verdraaid, die hart na die verkeerde kant gedraai is) **en sonde doen en selfveroordeeld staan**.

B') Instruksies vir ander werkers, goeie werke 3:12-14

¹²WANNEER ek Ártemas of Tíchikus na jou stuur, doen dan jou bes om na my te kom in Nikópolis, want ek het besluit om daar te oorwinter. ¹³Jy moet Senas, die wetgeleerde, en Apollos ywerig voorthelp, sodat dit hulle aan niks ontbreek nie. ¹⁴Ons mense moet ook leer om vir die noodsaaklike behoeftes goeie werke voor te staan, sodat hulle nie onvrugbaar mag wees nie.

Vroeër in die brief het Paulus vir Titus sekere opdragte gegee (1:5-9), maar nou volg verdere opdragte. Paulus het besluit om **in Nikópolis** ('stad van oorwinning') **te oorwinter** maar, wanneer **Ártemas** of **Tíchikus** in Kreta sou arriveer, moes Titus sy **bes doen om na my [Paulus] te kom**. Dit toon weer aan dat Titus as die apostel Paulus se verteenwoordiger opgetree het en dat Titus se posisie in Kreta nie permanent was nie (Hiebert 1957:77). Oor Ártemas het ons nie inligting nie, maar ons weet dat Tíchikus uit die provinsie Asië gekom het en die draer was van Paulus se briewe aan die Efésiërs en Kolossense, 'n geliefde broeder, getroue dienaar en medediensknecht in die Here (Hand 20:4; Ef 6:21; Kol 4:7).

Voordat Titus na Nicópolis vertrek, moet Titus vir **Senas, die wetgeleerde, en Apollos ywerig voorthelp, sodat dit hulle aan niks ontbreek nie**. Die naam Senas beteken 'geskenk van Zeus' en dit kom voor of hy 'n deskundige was in óf die Wet van Moses óf in die

Romeinse of Griekse reg. Apollos was 'n Jood wat in Alexandrië gebore is, 'n welsprekende man en magtig in die Skrifte (Hand 18:24-28). Titus en die Kretense Christene is die geleentheid gebied om goeie werke te doen deur Senas en Apollos by te staan sodat **dit hulle aan niks ontbreek nie**. Nie net moet Senas en Apollos gehelp word nie, maar Paulus gee weer gelowiges opdrag om **goeie werke voor te staan, om vir die noodsaaklike behoeftes** te voorsien, sodat gelowiges nie **onvrugbaar** sal wees nie. Dit sou absoluut verskillend wees van ander Kretensers (vgl. 1:12).

A') Seëngroet 3:15

¹⁵Almal wat saam met my is, groet jou. Groet die wat vir ons liefhet in die geloof. Die genade sy met julle almal! Amen.

Paulus sowel as sy medewerkers in Nicópolis het Titus gegroet. Paulus het ook nog groete gestuur vir **die wat vir ons liefhet in die geloof**. Dit is dieselfde geloof wat in die eerste vers van hierdie brief genoem word. Hierdie groet van Paulus aan “die wat vir ons liefhet” kan heelmoontlik aantoon dat die brief aan Titus in die openbaar in die plaaslike kerke van Kreta gelees moes word. Die finale groet – **die genade sy met julle almal** – sluit alle Kretense Christene in aan wie Titus die inhoud van die brief sal oordra. Hierdie brief aan Titus het begin met die genadige, barmhartige guns van God (1:4), dit is genoem in die kern gedeeltes van hierdie brief (2:11; 3:7) en nou, gepas, eindig dit ook met genade (3:15).

Bronnelys

Constable, T.L., 2016, *Notes on Titus 2016 edition*, Sonic Light, nagegaan op 2 Augustus 2016, www.soniclight.com/constable/notes/pdf/titus.pdf

Guzik, D., 2006, Study guide for Titus, nagegaan op 2 Augustus 2016, www.blueletterbible.org/Comm/guzik_david/StudyGuide_Tts/Tts_1.cfm?a=1130001

Fruchtenbaum A.G., 2005, 'The second missionary journey: Acts 15:36-18:22', *Ariel Ministries*, nagegaan op 2 Augustus 2016, www.arielc.org/mbs/mbs171-pdf.html

Hiebert, E., 1957, *Titus and Philemon*, Moody Press, Chicago.

Litfin, A.D., 1983, '1 Timothy', '2 Timothy', 'Titus', in J.F. Walvoord & R.B. Zuck (eds.), *The Bible Knowledge Commentary: New Testament*, pp. 727-767, David C Cook, Colorado Springs.

Lopez, R.A., 2011, 'A study of Pauline passages with vice list', *Bibliotheca Sacra* 168(671), 301-316.

Smith, K.G., n.d., 'The structure of Titus: Criss-cross chiasmus as structural marker', nagegaan op 2 Augustus 2016, www.obinfont.ro/docs/exeg/exegrex/Titustructure.pdf

Walker, P., 2012, 'Revisiting the Pastoral Epistles – Part 1', *European Journal of Theology* 21(1), 1-16.

Wiersbe, W.W., 2007, *The Wiersbe Bible commentary: New Testament*, David C. Cook, Colorado Springs.